Graad 10: Ekonomie opdrag 8 Datum: 19/08/2020

Naam en Van: .....

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE kategorieë van skaarsheid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom dink jy word na Ekonomie as 'n 'sosiale wetenskap' verwys? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Reële bruto binnelandse produk
Kwartaal-na-kwartaal persentasie verandering teen seisoenaal aangepaste jaarlikse koerse.

Sektor	2016		2017				
	Kw4	Jaar*	Kw1	Kw2	Kw3	Kw4	Jaar*
Primêre sektor	-8.7	-5.6	15.5	13.9	13.7	4.9	7.5
Landbou	-4.1	-10.2	26.2	36.8	41.1	37.5	17.7
Mynbou	-9.9	-4.2	12.6	7.8	6.2	-4.4	4.6
Sekondêre sektor	-1.1	0.6	-3.7	2.8	1.5	3.1	-0.1
Vervaardiging	-2.5	0.9	-4.1	2.9	3.7	4.3	-0.2
Tersiêre sektor	2.2	1.7	-1.7	1.2	1.1	2.7	0.8
Nie-primêre sektor	1.5	1.4	-2.1	1.6	1.2	2.7	0.6
Totaal	**0.4**	**0.6**	**-0.5**	**2.9**	**2.3**	**3.1**	**1.3**

*Persentasie verandering oor een jaar [Bron: Stats SA]

2.2.1 Watter sektor het die meeste bygedra gedurende die laaste kwartaal (Kw4) van 2017? (1)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n tersiêre sektor besigheid of industrie. (1)

2.2.3 Watter vadal neem jy waar tussen die laaste kwartaal van 2016 en die laaste kwartaal van 2017 in die landbousektor? (2)

2.2.4 Verduidelik die begrip '*produksie*'. (2)

2.2.5 Hoekom word die sekondêre nywerheid benodig in die ekonomie? (4)

2.3 DATA RESPONS

Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: dziuk.info]

2.3.1 Wat stel bogenoemde diagram voor? (1)

2.3.2 Identifiseer enige ekonomiese deelnemer in die bostaande diagram. (1)

2.3.3 Wat is die begrippe wat gebruik word om die beweging van goedere en dienste en die beweging van geld in bostaande diagram te beskryf? (2)

2.3.4 Verduidelik die begrip '*lekkasies*'. (2)

2.3.5 Hoekom is die rol van huishoudings so belangrik in bostaande diagram? (4)

2.4 Onderskei tussen '*makro-ekonomie*' en '*mikro-ekonomie*'. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan inspuitings die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel? (4 x 2) (8)

[40]